Bosveld Jagters- en wildbewaringsvereniging Letaba Tak

Ge-akrediteer deur SAPD Akkreditasie nommer 1300084
Posbus 1989, Tzaneen, 0850 Tel: 071 8714 710 Faks: (086) 5549798
E-pos: letaba@bosveldjagters.co.za Web adres: www.bosveldjagters.co.za

# Notule van die BJV Letaba Ledevergadering gehou op 12 April 2012 om 18:00 te BJV Letaba Klubhuis Tzaneen

**1. Opening en verwelkoming**:

Hansie Botha verwelkom almal teenwoordig en open met gebed.

**2. Doelstellings:**

Hansie Botha lees die doelstellings voor.

**3. Lief en Leed:**

Simpatie met Chris de Wet en sy familie met die afsterwe van sy swaer.
Belinda het bedank (gedros).

Baie geluk aan al die lede wat die afgelope maand verjaar het..

**Teenwoordig:**

**Soos per persensie lys.**

**4. Verskonings:**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Karel Osmers | Cor Olivier | Chris Venter | Werner v Vreden | Ferdie Nel |
| Alwin Fleischmann | Deon Davel | Ivy Iverson | Andre Le Grange | |

**5. Vorige notule:**

Die vorige notule word aanvaar. Tinus Erasmus voorsteller en Ettiene Sales sekondant.

**6. Finansies & Administrasie:**

Bosman Kruger le finansiele verslag voor:

| | |
|---|---|
| BJV Belleggings Rekening Saldo | R |
| BJV Tjekrekening: | R |
| Kontant op Hand | R |
| Kroeg Rekening Saldo | R |

**7. Nuwe Lede & Toegewyde Status**

**7.1 Nuwe Aansoeke:**

| | | |
|---|---|---|
| Christo van Staden (oor vanaf SA Jag | - | Goedgekeur |
| Rynier Kruger | - | Goedgekeur |
| Kalla Kruger | - | Goedgekeur |
| Francois Joubert | - | Goedgekeur |
| Gerhard Beetge | - | Goedgekeur |
| Jacques Bouwer | - | Goedgekeur |
| P A vd Merwe | - | Goedgekeur |

Nuwe Junior lede onder 18 betaal nie ledegelde nie.

**7.2 Toegewyde Jagterstatus**:

| | | |
|---|---|---|
| P A vd Merwe | - | Goedgekeur |
| M C Hensman | - | Goedgekeur |
| S M Hensman | - | Goedgekeur |
| R Bouwer | - | Goedgekeur |
| G D Goosen | - | Goedgekeur |
| A Verster | - | Goedgekeur |
| A C Oelofse | - | Goedgekeur |
| W J Du Plessis | - | Goedgekeur |
| J C Shneitler | - | Goedgekeur |

**8. Sake voortspruitend uit die vorige notule**:

Soos onder verskillende afdelings by Notule ingewerk.

**9. Klubhuis & Skietbaan gronde:**

**9.1. Arbeid.**

**9.1.1** Hansie Botha sal ‘n “to do” lys opstel vir Brown en dit met hom en Phillip Robenson bespreek. Hansie Botha sal verder ‘n vergadering met Phillip Robenson bele en die terrein en gronde en Brown se pligte met hom bespreek. Die vergadering besluit dat alle opdragte aan Brown voortaan deur een persoon nl. Phillip Robensen sal gaan om verwarring te vermy.

**9.2. Klubhuis:**

**9.2.1** Alf Wandrag het die ingangshek wat met afstandbeheer sal werk by Hansie Botha kom haal en sal die nodige installasie doen. Tot tyd en wyl sal die sleutel wat by Flora Park kafee gelaat was oor naweke voortaan by Johannes Bosman Kruger se Sasol Garage wees waar lede dit oor naweke kan uit teken

**9.2.2** Hansie Botha gee volledige terugvoer oor die verbeterings wat rondom die klubhuis en kampterrein aan gebring is en wat nog moet gebeur. Hy bedank almal wat betrokke was en wat borgskappe gegee het soos bv. Plastiek Pype, Joseph Hartmann, Kalla en Renier Kruger en al die ander. Die French Drein is klaar gegrou en moet net klaar gebou word. Francios Malan skenk ‘n nuwe voordeur en sal reel vir die instalasie daarvan, baie dankie daarvoor.

**9.3 Skietbaan**

**9.3.1** N komitee wat die uitleg en verbetering op die 100m skietpunt sal ondersoek en afhandel word aangestel nl: Chris de Wet, Johnny Rech, Joseph Hartmann en Vic Osmers. Die voorsitter vra dat dit ‘n span poging moet wees wat binne die volgende 60 dae afgehandel moet wees.

**9.3.2** Kalla Kruger van Oceana onderneem om die erosie slote op die hoof skietbaan met die TLB te kom toe krap, die klub moet net die diesel voorsien. Hy word bedank daarvoor en sal dit op Vrydag 2012-04-13 kom doen

**9.3.3** Kalla kruger sal verder sy bossiekappers bring en Dawie v Vuuren sal hom bystaan en wys waar die gras gesny moet word.

**9.4 Kroeg**

Dit gaan goed met die hantering van die kroeg. Tinus Erasmus, Dawie v Vuuren, Etienne Sales en Leon Whitehead is in beheer van die kroeg en sal mekaar weekliks aflos.

**10. Skietdae**

**10.1 Groeperingskietdag 29 September 2012.**

Chris de Wet rapporteer dat alle reelings goed op dreef is en dat daar uitgesien word na die dag. Die bemarkings DVD is amper voltooi.

**10.2 Voorseisoen Skietdag - 14 April 2012.**

**10.2.1** Cor Olivier tree op as Baanoffisier en Ivy Iverson sal hom bystaan. Dawie v Vuuren behartig die inskrywings. R70 eerste ronde en R20 tweede rondte (lede) en R100-00 vir nie-lede ( Jaggeweer) . Die formaat is as volg : 3 skote op vlakvark van 100m af oor tweepoot skietstok (sit of kniel), drie skote op die rooibok van 100m af oor tweepoot skietstok(staan), 3 skote na die blouwildebees van 200m af oor tweepoot skietstok(le) en 3 skote op die springbok van 300m af oor skiet tafel(sit) ,
.22 Posliga Skiet word deur Etienne Sales en Alwien Fleishman hanteer. Inskrywing is R20-00 vir volwassenes en R10-00 per kind.
Boogskiet word hanteer deur Leon Whitehead en Coennie Scheepers, hulle is verantwoordelik vir die opstel van die Boogskietbaan in sy geheel. Inskrywing is dieselfde as by die geweer skiet.

**10.2.2** Die volgende lede is betrokke by die opstel van die geweer baan nl. Hansie Botha, Tinus Erasmus, Cor Olivier, Dawie van Vuuren en Ivy Iverson. Die afslaan(opruim) van die baan sal deur Joseph Hartmann en Victor Osmers gedoen word.

.

**10.2.3 Praktiese Skietdag – 12 Mei 2012 en 25 Augustus 2012.**

Die skietbaan sal ten volle benut word vir die aktiwiteit – geen lede kan op bogenoemde dae skiet nie.Etienne Sales beklemtoon dit egter dat dit ‘n inter provinsiale skiet is tussen Limpopo en Mpumalanga en dat praktiese pistool skiet ‘n toeskouer sport is en dat die lede en algemene publiek welkom is om te kom kyk. Hy sal ‘n berig in die plaaslike koerante plaas.

**11. Opleiding**

**11.1** Trofeemeting kurses wat op 3 Maart plaasgevind het was ‘n sukses en baie leersaam. 5 lede van Letaba tak en een lid van Polokwane het die kurses bygewoon

**11.2** Junior 1 kurses van 23 tot 25 Maart het plaasgevind en 17 juniors het die kurses bygewoon (3 dogters en 14 seuns). Ons het kinders van Witrivier, Pretoria , Witbank en Polokwane gehad wat die kurses bygewoon het en dit was ‘n groot sukses. Tinus Erasmus bedank elke persoon wat ‘n bydrae gelewer het. Ons soek nog ‘n borg vir een van die kinders en Dawie v Vuuren en Leon Whitehead onderneem om die kind se kostes te dra, Baie dankie daarvoor.

**11.3** Verder het 3 persone die naweek ook senior kurses gedoen en 4 van ons lede het hulself as instrukteurs bekwaam.

**11.4** Lede word herinner om voor einde April 2012 vir die parejag in te skryf. Kostes beloop R50.00 vir Junior's en R100.00 vir Seniors. Vir verdere navrae kan Wallie van Dyk geskakel word.

**12. Kleiduif**

**Kleiduifskiet**

**12.1** Kleiduif skietdag was 'n sukses, 20 rondtes is geskiet teen R100-00 per rondte. Johnny Rech stel voor dat die inskrywingsgelde aangepas moet word en 'n besluit word geneem dat dit verhoog word na R120-00 vir 25 kleie en 25 patrone. Johnny Rech meld verder dat hy 'n bedrag van R700-00 kontant aan Belinda Bardenhorst oorhandig het wat as 'n skenking aan die kleiduif afdeling gemaak is en vra net dat opgevolg word wat van die geld geword het. Bosman Kruger onderneem om met Belinda Bardenhorst te praat.

**13. Boogjag**

Geen nuwe sake

**14. Handwapenjag**

Geen nuwe sake

**15. Buskruit**

Chris de Wet is aangestel as assesor om swartkruit bevoegdheid te kan doen.

**16. Windbuks**

Geen nuwe sake, Hansie Botha versoek net alle lede as hulle met 'n bakkie skietbaan toe kom dat hulle by die bande handelaars vir ons ou bande sal oplaai sodat ons die windbuks skietwal kan begin bou.

**17. Jaggeleenthede**

**17.1** Skakel Dawie van Vuuren by 083 4545 391 vir inligting. Sien op webblad.

**18. Redakteur / publikasies / pers**

**18.1** Elke afdeling is verantwoordelik vir sy eie beriggewing

**19. Wildsete**

Geen nuwe sake

**20. Uitvoerende vergadering/Bosberaad**

Vind plaas op 18 April te Polokwane en Hansie Botha en Bosman Kruger sal dit nie kan bywoon nie. Tinus Erasmus en Etienne Sales sal die tak verteenwoordig. Johnny Rech vra of hy kan saam gaan en hy is welkom om die vergadering by te woon

.

**21. Fondsinsamelings**

**21.1** Daar is steeds advertensie spasie op die 100m skietpunt beskikbaar. Hansie Botha versoek lede om te adverteer.

**21.2** ‘n Boomplantdag by die BJV word beplan. Chris Venter se vrou sal die reelings tref. Lede kan ‘n boom borg en dan word sy naam op ‘n plaatjie teen die boom gesit. Vir verdere navrae kan Chris Venter gekontak word.

**22. BJV Letaba Tak Algehele Jaarvergadering.**

**23. Algemeen en Vastellings en byvoegings tot die Agende**

.

**23.1** Karl Osmers sal uitkyk vir ‘n geskikte perseel vir die Bestuursjag naweek wat sal plaasvind op 27 Julie 2012.

**23.2** Francois Malan verduidelik waaroor die Trofee Foto kompetiesie gaan en dat ons dit as ‘n verdere bemarkings middel kan gebruik. Lede wat belangstel om vir die Foto Trofee Kompetisie in te skryf kan die nodig inligting by Francois Malan kry. Die inskrywing open saam met die jagseisoen en slegs die seisoen se foto’s kan ingeskryf word. Inskrywings is gratis en die wenfoto sal vir 2013 se almanak gebruik word.

Die volgende Ledevergadering sal plaasvind op **Donderdag 3 Mei 2012** om **18:00** by die **Klubhuis.**